

S.A. POLISIE EN SWERWER-SPEURDER REEKSE
NO.5.
MET 'N DRUPPEL WYN

Die strale van die maan tint die boonste gedeelte van die oorkanste muur bleek-geel. En dit is teen daardie verligte muur dat Obed en die hond die skaduwee sien swaai. Obed kan selfs die dun skaduweetjie van die tou sien wat van die nek af neerhang. Hy kan die kop, die hangende hande en die voete van daardie skadugestalte onderskei.

Koue rillings gaan in Obed se rug af. Hy laat sy oë van die skaduwee teen die muur wegdwaal en dan sien hy die liggaam van die balk af neerhang. Hy het onder daardie selfde balke op Jan Roland gesit en wag. Dit is die balke van die onvoltooide, oorhangende stoep van die gebou aan die ander kant. Obed kom orent en hardloop geruisloos oor die laan tot onder die swaaiende lyk. Jagter staan by hom, sy ore regop en gespits. Van hier af kan Obed sien dat dit Roland is. Die strale van die maan val half op sy verrimpelde voorhoof; sy verwronge gelaat gryns teen die maan.



## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | 'n Meisie Verdwyn | 3 |
| 2. | Met 'n Druppel Wyn | 13 |
| 3. | Dreigende Skaduwees | 23 |
| 4. | Spioen op die Koppie | 32 |
| 5. | Besoek uit die Dood | 42 |
| 6. | Verraad in die Skadu's | 52 |
| 7. | Galg in die Laan | 62 |
| 8. | Die Donker Skag | 73 |
| 9. | Die Deur Gaan Oop | 84 |


Hoofstuk 1

## 'N MEISIE VERDWYN

Dit is elfuur in die oggend—'n heerlike lenteoggend, en Obed voel vanoggend so opgewek. Hy weet waaroor dit is. Dit is omdat die somer aan die kom is. Hy het die lente die eerste keer vanoggend gewaar toe hy nog in die bed was. Dit was toe die bokmakierie daar by sy kamervenster op die persketak kom sit het. Die venster was wawyd oop, en toe hy uit die vere opkom, het hy met sy hande op die vensterbank gedruk, uitgeleun en die heerlike oggendlug ingedrink. Dit was nie koud nie, nie winderig nie en daar was bloeisels aan die tengerige takke van die perskeboom by die venster. Dit was die eerste tekens van ontluiking van nuwe lewenskrag. Hy het goed gevoel, maar hom nie dadelik aangetrek nie. Hy het uitgerus gevoel ondanks die feit dat hy gisteraand tot eenuur uit was—nie met 'n nooi nie, nee. Hy het eers by die universiteit 'n lesing gehou oor kriminologie en plaas van daarna terug te keer huis toe, is hy saam met majoor Dirk Laas na sy huis waar hulle ure lank gesels het—oor geheimsinnige verdwynings en onopgeklaarde moorde. Dit was interessant, en hoewel hy eers eenuur in die bed gekom het, voel hy nie moeg nie, maar eerder lui, en as Obed so voel, moet hy die dag in sy studeerkamer deurbring. Dan vat hy gewoonlik 'n boek oor die sosiologie of die sielkunde of hy lees 'n fynproewer-boek oor die letterkunde. Dit is sy wyse van ontspanning en hy geniet dit. En as hy in so 'n lui stemming soos vanoggend is, dan trek hy nie aan nie, maar swaai sy bloedrooi kamerjapon oor sy breë skouers en ontspan. En wanneer hy so ontspan en so lui is, so onaktief, dan is hy juis besig om teen die hoogste versnelling te dink.

Daarom sit hy nou in sy studeerkamer. Die swaar gordyne is ver oopgetrek sodat die heerlike sonlig mildelik in die studeervertrek inskyn. Sy lessenaar van stinkhout staan naby die venster, en hy kyk uit op die tuin waar die tuinjong besig is om die vrugtebome nat te lei. Die water loop in die sloot af en die sonstrale skitter daarop. Daar is nou net een gedagte wat vanoggend Obed de Swardt se gemoed vervul en dit is dat dit heerlik is om te lewe, ondanks die talryke inbrake in Johannesburg, die ontvoerings, verdwynings en onopgeloste moorde.

Voor hom op die lessenaar staan 'n stomende koppie koffie, die derde vanoggend, want oudergewoonte nuttig Obed nie in die oggend ontbyt nie. Die boek wat hy in sy hand het, is 'n werk van Lombroso, die Italiaanse kriminoloog. Daar lê nog 'n ander boek oop op die lessenaar. Dit is 'n Engelse werk oor tientalle geheimsinnige verdwynings in die afgelope jare, en die verskillende teorieë oor daardie verdwynings. Hy lees om die beurt in die twee boeke—ook 'n eienaardige gewoonte van hom—en tuur dan telkens nadenkend by die venster uit.

Op hierdie oomblik is hy besig om te spekuleer oor die verdwyning van Mathilda Rode. Dit is die derde verdwyning in die afgelope maand. En nie een van die drie mense wat skynbaar van die aardbol af verdwyn het, het ooit weer teruggekom nie. Geen spoor is eers van hulle gevind nie. Daar bestaan skaars 'n teorie oor hoe hulle verdwyn het. Die geheimsinnige verdwyning van Mathilda Rode is die jongste, en seker die eienaardigste. Die twee wat voor haar verdwyn het, is albei getroude vroue, albei uit 'n arm omgewing en wag getroud met ewe arm mans.

Obed de Swardt huldig een teorie oor verdwynings, waarby hy sweer, en dit is dat te veel verdwynings gewyt word aan geheueverlies. Hy het alle vorms van amnesia (d.i. geheueverlies) haarfyn bestudeer, en dit kom vir hom belaglik voor om te dink dat 'n gesonde man sy geheue gaan kwytraak, dan uit 'n omgewing verdwyn waar almal hom ken, vir etlike maande in 'n ander stad kan ronddwaal en dan weer opduik, ewe skielik by sy volle positiewe. Hy het talle verdwynings ondersoek en bevind dat diegene wat aan geheueverlies gely het en wat dokters later as gevalle van geheueverlies gesertifiseer het, almal binne 'n dag, of uiters ses dae, weer na hulle tuistes teruggekeer het. Obed het 'n verdere standpunt wat hy gisteraand voor die Majoor gehandhaaf het, en dit is dat neëntig persent van alle verdwynings in werklikheid moorde is. Slegs in vyf persent van die gevalle is dit 'n man of 'n vrou wat doelbewus wegloop as gevolg van die een of ander huislike moeilikheid, en daarin slaag om die land te verlaat en elders van voor af te begin; en die ander vyf persent is gevalle van geheueverlies. Hiermee wou die polisie-offisier nie saamstem nie en daar het nogal 'n opgewonde woordwisseling ontstaan, eintlik 'n warm meningsverskil. Obed was oortuig daarvan dat Mathilda deur 'n bende in Johannesburg ontvoer of vermoor is.



Majoor Dirk Laas wat met die ondersoek van die saak belas is, se antwoord was:

,,Daar bestaan byna geen bendes in Suid-Afrika nie. Diefstalle is hier ter plase maar individuele pogings, en selfs smokkelary word deur individue en nie deur bendes gepleeg nie.''

,,Julle het dit van diamante gesê, totdat dit nodig was om Percy Silletoe hierheen te laat kom, en toe het dit geblyk dat 'n wêreldorganisasie agter die smokkelary in diamante sit, en dat die bende ook in Suid-Afrika sy wortels het. Ek is oortuig daarvan dat bendes op groot en op klein skaal in Suid-Afrika bedrywig is, maar dat die polisie nog nie voldoende kennis van die probleem dra nie. Ek sê dit sonder om beledigend te wil wees.''

Dirk Laas het gelag, 'n meewarige lag. Dit is seker omdat hy gedink het dat hy veel meer ervaring het as Obed. Dirk is 'n man van vyf-en-veertig jaar en Obed was nou die dag agt-en-twintig.

,,Wil jy beweer dat Mathilda deur 'n bende ontvoer is, of dat sy lid was van 'n bende?''

,,Nie in die minste nie,'' was Obed se antwoord, ,,hoewel dit nie uitgesluit is nie. Sy het òf verdwyn as gevolg van geheueverlies, al slaan dit my dronk waarom mens juis verdwaal moet raak as jy aan verlies van geheue ly, òf sy vlug bewustelik uit haar omgewing, òf sy is gedood. Ons weet nog nie of sy vyande gehad het nie, en ewe min weet ons wat in haar private lewe aangegaan het. In terme van my opvatting is dit hoogs waarskynlik dat sy dood is.''

,,Ek moet natuurlik van jou verskil. Haar verloofde het haar vertel dat sy verskeie kere reeds onder psigiatriese behandeling was. Die psigiater het dit bevestig. Hy het haar glo vir slapeloosheid behandel.''

,,En nou dink jy dat sy aan geheueverlies ly en dat sy êrens ronddool. Sy is reeds twee weke weg. As iemand aan geheueverlies ly en hy wil sy tuiste graag weer vind, stap hy haastig by 'n polisiestasie in of stryk aan na 'n psigiater. 'n Mens weet wanneer jy jou geheue verloor.''

So het dit aangehou tot laat in die nag en hier sit Obed weer en dink aan Mathilda, 'n beeldskone meisie, 'n brunet met blou oë, een van daardie seldsame Ierse skoonhede. Sy is of was slegs twee-en-twintig jaar oud. Hy dink weer oor die hele gebeurde na soos Dirk Laas dit aan hom vertel het en hy dit in die koerante gelees het.

Sy was by 'n vriendin in Pretoria maar het die Saterdagmiddag per trein na Johannesburg vertrek. By die stasie het sy haar verloofde, Jan Roland, ontmoet. Mense wat hulle albei ken, vertel dat hulle in die Bloukamer 'n drankie genuttig het, en daar het dit geskyn of hulle rusie maak. Hierna is hulle na 'n private partytjie by 'n ruim woonstel waar albei baie gedrink het. Hulle het weer rusie gemaak en Mathilda het die woonstel alleen verlaat. Jan Roland het haar nie vergesel nie. Daar is getuienis dat hy weens dronkenskap daardie selfde aand in die woonstel oornag het. Die dag daarop is hy na sy kamer in die stad, maar Mathilda het sedertdien nie weer opgedaag nie. Die polisie het al haar vriende en vriendinne ondervra, maar niemand kon lig op haar verdwyning werp nie. Jan Roland is ondervra, maar tot dusver is Mathilda se verdwyning nog net so onverklaarbaar en geheimsinnig as die dag toe sy verdwyn het.

Obed het haar verdwyning al byna vergeet toe Dirk Laas dit gisteraand weer opgehaal het. Dit is daaroor dat hy vanoggend alweer aan haar dink. Obed ken die polisieprosedure op die punte van sy vingers, maar hy sou graag wil weet hoe hulle in hulle soektog in hierdie geval en in die ander te werk gegaan het. Hy kan ten ene male maar nie glo dat 'n persoon 'n partytjie kan verlaat en op pad na enige plek toe haar geheue verloor en dan 'n heeltemal ander koers inslaan nie, tensy daar by haar geheueverlies nog 'n tweede persoonlikheid in haar ontketen word. Maar dit kan Obed nie glo nie. Hoe meer hy daaraan dink, hoe meer hy oortuig daarvan dat sy en die meeste ander verdwene mense voor haar, nie gevalle van verdwene lewendige mense is nie, maar gevalle van verdwene lyke. Hy kan aan duisende maniere dink waarop mens 'n lyk kan versteek sodat geen mens dit ooit sal teenkom nie, nie voordat daar nog net bene oorbly nie. Gaan maar oor Vanreenenspas, hou jou motor stil, gooi 'n lyk tussen die duisende klipskeure in, of rol 'n lyk teen die skuinstes af, en die dooie sal val waar geen mens ooit kom nie.

Obed de Swardt stel belang in misdadigers, meer as in die misdaad self, maar hy hou ook daarvan om jag te maak op die misdadigers en hulle aan die gereg uit te lewer. Obed is nie eintlik 'n private speurder nie, nie van daardie soort wat 'n kantoor huur en dan veral egskeidingsake behartig en as hulle klaar is, 'n fooi eis nie. Nee, Obed het geen kantoor nie en hy vra ook geen vergoeding nie. Hy het 'n ruim huis met baie groot grond, beplant met vrugtebome en blomme.



Sy huis is smaakvol gemeubileer en die binnenshuise versiering getuig van artistieke smaak. Hy is 'n alleenloper en ou Amos Lieb, die Kleurlingkok, sorg dat die huisbediende haar werk stiptelik verrig en die tuinjong nie leeglê nie. Obed stel belang in studie en in avontuur. Hy stel belang in die misdadiger en hou daarvan om hom agter slot en grendel te laat beland waar hy bearbei kan word, as hy nie al te gehard is nie.

Obed het reeds sy merk gemaak as 'n swerwer-speurder. Aan die begin van die jaar is hy na 'n stranddorpie ontbied waar hy 'n geheimsinnige moord in een nag opgelos het, en verlede jaar was dit hy wat juwele ter waarde van R400,000 teruggevind het. Hy het natuurlik in beide gevalle sy vergoeding gekry, maar hy vra om geen vergoeding nie en daar is talle tergende geheime wat hy opgelos het sonder enige betaling, maar met volop erkenning. Obed het geld nie nodig nie. Hy het goed geërf en het behalwe hierdie weelderige huis met sy buitegeboue, 'n aantal plase en aandele. Op universiteit het hy gegradueer en daarna het hy talle avonture beleef en steeds meer verdiep geraak in misdaad. Aanvanklik het die polisie nie van sy snuffelwerk gehou nie, maar nou werk hulle soms saam. Obed is al in die land bekend as een van die mees vermaarde private speurders wat Suid-Afrika ooit opgelewer het. As gevolg van sy bekendheid het hy al heelwat sake gekry van persone wat geen vertroue in die polisie het nie of wat nie kan waag dat intieme sake blootgelê word nie.

Obed drink die laaste bietjie koffie in die koppie en dan druk hy die knoppie wat hier langs sy lessenaar aangebring is. Hy hoor hoe die klokkie in die kombuis lui, en dan klink Amos Lieb se voetstappe in die gang op. Die studeerkamerdeur staan oop en hy steek in die deur vas.

„Die Basie roep?"

„Ja, Amos. Nog 'n koppie koffie as jy het."

„Dit lyk my die Basie sal dit maar twee moet maak. Hier het 'n motor voor stilgehou—hier vlak voor die deur."

„Met net een in die motor?"

„Een, ja . . . Dit . . . dis 'n nonnie."

Hy sê dit aarselend asof hy verwag dat Obed dit aardig sal vind. Obed is ook dadelik die ene belangstelling. Dit kan net Tessa Brink wees wat hom hier aan sy huis sal kom besoek.

„'n Vrou? Wie is sy, Amos?"

,,Dit sou ek nie kan sê nie, Basie. Ek het net gesien toe ek hierheen aangedraf het.''

,,Wel, kyk gou, sodat ek kan gaan aantrek. Ek is nog in my japon.''

Obed spring vinnig agter die lessenaar op, maar op daardie oomblik lui die voordeurklokkie reeds en Amos haas hom vinnig daarheen. Obed besef dat dit nou te laat vir hom is om in die gang af na sy kamer toe te glip, want Amos maak die deur oop, en hy hoor hoe dat hy groet en 'n persoon binne nooi. Obed wag en binne enkele minute verskyn Amos weer in die deur. Hy vryf sy hande en glimlag.

,,Dit is 'n nonnie en dit is sommer 'n mooi nonnie.''

,,Ek het nog nooit peil getrek op jou smaak nie, Amos. Wat wil sy hê?''

,,Ek het nie haar naam mooi gehoor nie, Basie, maar sy sê dit is dringend. Sy kan nie wag nie. Sy moet die Basie nou sien. Sy wag in die sitkamer.''

Obed kyk 'n slag af na sy donkerrooi kamerjapon. Hy is nog glad nie lus om te gaan aantrek nie en hy is ook glad nie lus vir 'n onderhoud nie, maar hy is nuuskierig om te sien wie hom kom besoek het.

,,Daardie japon is doodgoed, my Basie. Moet nie nog gaan aantrek nie. Sal ek die nonnie deurstuur?''

Obed dink daaraan dat hy hier darem altyd half verberg agter die lessenaar kan sit, en beveel dan:

,,Laat sy hierheen kom, en bring tee.''

,,Goed, Basie.'' Hy draai om en drafstap na die sitkamer toe asof Obed hom 'n persoonlike guns bewys deur die meisie hierheen te nooi.

Toe Obed die voetstappe in die gang hoor opklink, sak hy weer agter sy lessenaar in en kyk nuuskierig na die deur. Binne enkele oomblikke verskyn die meisie. Amos is langs haar en hy maak 'n buiginkie toe hy haar na binne wys.

Obed wip agter sy lessenaar van sy stoel af op toe hy haar sien. Hy kry 'n nare gevoel op die krop van sy maag en hy rek sy oë. Sy glimlag breed toe sy binnestap. Obed is so oorbluf dat hy haar nie groet nie, ook nie 'n stoel aanbied nie. Dit is Amos wat die stoel vir haar moet regskuif en haar moet nooi om te gaan sit.

Dit is 'n beeldskone meisie, maar dit is nie haar skoonheid wat hom oorrompel het nie. Dit is net . . . dit is net dat hy netnou nog aan



hierdie einste meisie gedink het.

,,Dit spyt my as ek steur, mnr. De Swardt, maar ek het 'n dringende sakie om aan u voor te lê.''

Sy sit al, en Obed staar haar nog verbaas aan. Gelukkig praat Amos nou, en dit gee Obed geleentheid om tot verhaal te kom.

,,Wat sal die nonnie drink—tee of koffie? . . . En wat van iets soos botterbroodjies?''

Sy kyk glimlaggend na die beleefde skepsel.

,,Ek sal dit kan geniet, dankie.''

Amos glip na buite en maak die deur agter hom toe.

Nou staar Obed haar diep in haar blou oë, kyk 'n slag na die golwende swart hare met die askleurige strokie hare wat spoggerig hier bokant haar voorkop gekrul is.

Dit lyk asof dit nou sy is wat 'n bietjie ongemaklik voel. Obed praat nou.

,,Ons het nog nie kennis gemaak nie, Juffrou, hoewel . . . hoewel ek weet wie u is . . .''

,,Ek weet ook wie u is, mnr. Obed de Swardt. Wie ken u nie? En ek weet ook dat u dink dat ek Mathilda Rode is, maar ek is nie.''

Obed sluk swaar.

,,Het ek reg gehoor? U sê u is nie Mathilda Rode nie, die meisie wat twee weke gelede spoorloos verdwyn het. Maar u lyk op 'n druppel...''

Die anders welsprekende Obed sukkel 'n bietjie om te praat en die meisie val hom weer in die rede.

,,Natuurlik lyk ek soos my tweelingsuster. Ek is Talita Rode. Mathilda, die meisie wat verdwyn het, is my suster. Ek het u juis oor haar kom spreek.''

Hy staar har vir 'n oomblik ondersoekend aan en wonder hoe dit moontlik is dat twee mense so eenders kan lyk.

,,Wel, verskoon my verbasing, Juffrou, maar dit was eerstens 'n verrassing om u hier te sien en tweedens 'n skok.''

,,Hoekom 'n skok . . . ?''

As Obed reguit die waarheid wou gepraat het, dan moes hy antwoord: ,,Geskok om 'n dooie meisie hier te sien instap.'' Nou bedink hy hom egter en sê die ding wat voor die hand liggend is.

,,My wêreld, hier stap die meisie my huis binne na wie al wat leef, soek.''

Daar kom 'n stroewe trek om haar mondhoeke, maar sy kyk Obed stip aan. Die man het vir haar sagte ligbruin oë en dit is duidelik dat daardie swart kuif van hom vanoggend nog nie juis 'n kam gesien het nie.

,,Soos ek sê, dit is juis oor Mathilda dat ek u kom spreek het. Ek en Moeder is reeds byna mal van bekommernis. U moet help. Ons is welgesteld . . . Ons sal betaal."

Hy glimlag dadelik.

,,Ek sal u help as ek kan, sonder om geldelik vergoed te word. Dit is oor die algemeen my beleid."

,,Ons wil u dienste nie verniet hê nie, mnr. de Swardt. U staan bekend as 'n vermaarde speurder, en ek glo dat dit net u is wat kan help."

Haar lippe is nou ferm op mekaar gepers en haar vingers is ineengestrengel op haar skoot. Dit is duidelik dat sy senuweeagtig is.

Amos klop aan die deur en dan kom hy binne met die tee, netjies bedien. Hy ruim 'n plekkie op die lessenaar op en sit die tee dan neer. Obed staan dadelik op en begin skink. Toe die deur weer agter hulle toeslaan, antwoord Obed:

,,Ek stel belang in Mathilda se verdwyning, 'n lewendige belang. Ek sal graag wil help. Maar eers moet u my sê hoe die mense jou en Mathilda uitmekaar ken."

Hy neem weer agter sy lessenaar plaas met sy koppie tee in sy hand.

Sy glimlag, maar dit is geforseerd.

,,Daar is in werklikheid 'n hemelsbreë verskil tussen ons, wat onbekendes en selfs bekendes nie altyd kan raaksien nie. In die eerste instansie is ek 'n paar sentimeters korter as Mathilda, my oë is ligter, byna grysblou, terwyl haar oë donkerblou is. Haar hare is swarter en ek het die swart merkie op die linkerwang, sy nie."

,,En verder het jy die askleurige krulletjie wat jou besonder goed pas, en sy nie."

Dit lyk amper of sy gaan bloos, maar sy kyk ondeund na hom en glimlag.

,,Toe die polisie my by die huis aangetref het, het hulle geglo dat hulle Mathilda gevind het. Dit het oorreding en verduideliking gekos voordat hulle eindelik oortuig was."

,,Dit wil ek glo."



Vir sekondes wissel hulle geen woord nie. Albei kyk deur die venster na die wonderlike lewe wat ontluik.

,,U sal ons help," fluister sy eindelik. ,,U sal ons help om Mathilda op te spoor?"

,,Natuurlik sal ek . . . Ek het so gesê. Ek het al baie nagedink oor jou suster se verdwyning en ek sal dadelik aan die werk spring."

Daar is meteens 'n vogtigheid in haar oë en sy bedank hom terwyl sy na buite kyk.

,,Duisend dankies. Ek glo nie die polisie gaan enige hond haaraf maak nie, sonder dat ek enigsins verkleinerend wil wees oor hulle pogings."

,,Hoekom dink u dat ek sal slaag?"

,,Omdat mense jou miskien meer die waarheid sal vertel. Die gewone mens het 'n vrees vir 'n konstabel . . . Hulle hou baie terug, dinge waaroor hulle skaam is."

Obed frons en sy sien dit.

,,Laat ek verduidelik . . . Ek glo dat Jan Roland meer weet as wat hy vir die polisie gesê het. Ek het sommer so 'n voorgevoel dat hy met opset dinge wegsteek. Hy het die polisie vertel dat hulle die afspraak van Saterdag al lankal beklink het. Hy het nie vertel dat hy spesiaal vir Mathilda die Saterdagoggend kom besoek het nie. Toe het hy haar oorgevra. Ek het hom daardie oggend vir die eerste keer op 'n afstand gesien. U sien, Mathilda was . . . was 'n bietjie los van die familie. Ons het haar jare nie gesien nie. Sy was so uitdagend en het haar lewe op haar manier gelei. Sy het selfs . . . wel, selfs te veel gedrink. Daardie Saterdagoggend het ons uit die huis gekom en in die motor gaan sit. Ons was besig om haar oor te haal om weer in Pretoria by my en Moeder te kom bly, maar toe kom Roland daar aan . . . Hy het haar omgepraat. Sy het belowe om hom die middag per trein te volg. Sy het, en dit is die laaste keer dat ons haar gesien het."

Obed dink diep na.

,,Jy bedoel dat Jan Roland meer weet, maar nie meer wil sê nie. Hy skerm vir sy eie lewe?"

,,Dit is presies wat ek bedoel."

,,Ek stem saam met jou," verbaas Obed haar. ,,Maar hoe sal ek meer uit hom kry?"

,,Dit is jou deel van die werk," kom dit saaklik maar tog goedig. ,,Ek kan jou voorsien van sy telefoonnommer. Die het ek toevallig